




Subject: Grade 8 Tegnologie
Topic: Tegnologie: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen
Total: 100 Marks

Name: _____
Date: _____

This image refers to question: 1



Question 1: Multiple Choice

4 marks

Wat is die korrekte volgorde om hierdie lyntipes wat in tegniese tekeninge gebruik word te beskryf, van bo na onder gelys?

- | | |
|----------|---|
| A | Konstruksielyn, buitelyn, middellyn, dimensielyn, verborge detaillyn. |
| B | Buitelyn, konstruksielyn, verborge detaillyn, middellyn, dimensielyn. |
| C | Buitelyn, konstruksielyn, middellyn, verborge detaillyn, dimensielyn. |
| D | Verborge detaillyn, konstruksielyn, middellyn, dimensielyn, buitelyn. |



This image refers to question: 2




Question 2: Text Input

3 marks

Hierdie koepel is deel van die Eden Project-tuine in Cornwall in die Verenigde Koninkryk. Is dit 'n voorbeeld van 'n **dopstruktuur** of 'n **raamstruktuur**?

Tik slegs een woord.

This image refers to question: 3



Question 3: Text Input

3 marks

Bestudeer die prent noukeurig.

Wat word hierdie horisontale metaalstawe genoem, wat algemeen gebruik word om groot strukture te bou om kragte, spesifiek buiging en verskuiwing, te weerstaan?

Tik slegs die **naam van die balk**.

Question 4: True/False

2 marks

Dinamiese kragte en **statiese** kragte is die twee basiese soorte kragte wat op strukture inwerk.

TRUE

FALSE

Question 5: True/False

2 marks

'n Huis se dakkap is 'n voorbeeld van 'n dopstruktuur aangesien dit aan die buitekant van die huis is.

TRUE**FALSE****Question 6: Please Fill In The Blanks**

8 marks

- Die doel van dimensielyne is om te verseker dat produkte (1) gebou word.
- Dimensielyne word met (2) geteken, met kort maatlyne aan elke kant.
- Die waardes op dimensielyne word altyd in (3) gegee, alhoewel die eenheid nie geskryf word nie.
- Dimensielyne word gewoonlik op (4) gevind.

Possible Answers: mm | uit die regte materiale | pylkoppe | punte | volgens die regte grootte | artistieke tekeninge | cm | werkstekeninge

1	
3	

2	
4	

Question 7: Please Fill In The Blanks

8 marks

Kragmaste is groot strukture wat elektriese kables ondersteun om elektrisiteit regoor die land te vervoer. Vir veiligheidsredes is dit belangrik dat mense nie maklik hierdie strukture kan (1) nie. (2) moet deur die kragmaste kan beweeg sodat dit nie in uiterste weersomstandighede omwaai nie. (3) word gebruik om te verseker dat hierdie hoë strukture stabiel is. Kragmaste word gewoonlik van hout, beton of (4) gemaak.

Possible Answers: PVC | elektrisiteit | dakkappe | herstel | staal | triangulasie | klim | wind

1	
3	

2	
4	

Question 8: Please Fill In The Blanks

6 marks

Kantelbalkbrûe word op (1) punt/e geanker. Die kantelbalkarms steek uit en ontmoet in die middel. Eenvoudige kantels (vrydraers) word ook gebruik om (2) te bou wat by woonstelle of kantore uitsteek. Baie lang (3) word ook gebou deur gebruik te maak van twee kantelbalkarms met 'n balk tussen-in.

Possible Answers: skoorstene | hangbrûe | een | kabelstutbrûe | balkonne | beide

1	
3	

2	
----------	--

Question 9: True/False

2 marks

'n Werkstekening is gewoonlik 'n 2D ortografiese projeksie, met afmetings bygevoeg.

TRUE	FALSE
-------------	--------------


Question 10: Multiple Choice

4 marks

Watter een van die volgende beskryf nie die hoofmaniere waarop strukturele mislukking plaasvind nie?

A	Spanning, skeer (skuif), kompressie.
B	Kantel, spanning, frakture.
C	Frakture, kantel, buiging.
D	Buiging, frakture, spanning.

This image refers to question: 11



Question 11: True/False

2 marks

Bestudeer die beeld noukeurig.

Hierdie masjien word 'n kruk genoem.

TRUE

FALSE

This image refers to question: 12



Question 12: Please Fill In The Blanks

8 marks

Die wiel en as is 'n voorbeeld van 'n (1) masjien. 'n As is 'n stang of (2) waarop die wiel draai. 'n Deur- (3) is ook 'n voorbeeld van hierdie tipe masjien. Die (4) is binne-in die deur.

Possible Answers: knop | wiel | as | wig | komplekse | staaf | eenvoudige | skarnier

1	
3	

2	
4	

Question 13: True/False

2 marks

Die gebruik van skadu, lig en skakering kan 'n artistieke tekening realisties laat lyk.

TRUE	FALSE
-------------	--------------


Question 14: True/False

2 marks

Strukturele mislukkig is 'n metode om 'n gebou se sterkte te toets.

TRUE	FALSE
-------------	--------------

This image refers to question: 15



Question 15: Multiple Choice

4 marks

Kies die *verkeerde* stelling oor ratte.

- | | |
|----------|--|
| A | 'n Tussenrat is 'n derde ratwiel tussen twee ratte wat die ratte vinniger laat beweeg. |
| B | Reguittandratte is twee ratte wat in mekaar inkam en in teenoorgestelde rigtings beweeg. |
| C | Indien 'n aandrywingsrat groter is as 'n gedrewe rat, word minder insetkrag benodig en sal die kleiner rat vinniger draai. |
| D | Ratverhouding is die verhouding tussen die aantal tande op die aandrywings- en gedrewe ratte en is die krag waarmee die ratte draai. |

Question 16: Please Fill In The Blanks

8 marks

'n Kabelstutbrug bestaan uit 'n hoë (1) wat in die grond geanker is met kabels wat in (2) is. Die verkeer ry op die (3) van die brug, wat in (4) is.

Possible Answers: dek | wringkrag | kompressie | anker | druk | kolom | hanger | spanning

1		2	
3		4	

Question 17: Text Input

3 marks

Watter twee woorde word gebruik om die voordeel wat verkry word deur die gebruik van masjinerie te beskryf?

Tik slegs **twee woorde**.

--

Question 18: Please Fill In The Blanks

6 marks


'n (1) projeksie is 'n tekening wat op 'n hoek van 30° geteken word. Dit is 'n (2) -dimensionele tekening wat die breedte, (3) en hoogte afmetings van 'n voorwerp vertoon.

Possible Answers: diepte | isometriese | ortografiese | vorm | drie | twee | een

1	
3	

2	
---	--

This image refers to question: 19

**Question 19: Text Input**

3 marks

Watter graad tekendriehoek word gebruik om 'n isometriese projeksie te teken?

30° of 60° of 45°

Tik slegs die **numeriese waarde** as jou antwoord.

--


Question 20: Multiple Choice

4 marks

Watter een van die volgende is nie 'n voordeel van 'n hangbrug nie?

- | | |
|----------|---|
| A | Hangbrûe is eenvoudig en koste-effektief om te bou. |
| B | Hangbrûe kan oor baie lang gapings strek en wye valleie of riviere oorsteek. |
| C | Hangbrûe kan met twee dekke gebou word sodat treine en motors op dieselfde brug kan ry. |
| D | Hangbrûe kan langs geboë roetes gebou word. |
-

This image refers to question: 21


**Question 21: Multiple Choice**

4 marks

Watter twee soorte kragte werk in op die voorwerpe wat in hierdie skets vertoon word?

- | | |
|----------|-------------------------|
| A | Wringkrag en spanning. |
| B | Kompressie en buiging. |
| C | Spanning en skuifkrag. |
| D | Kompressie en spanning. |
-

This image refers to question: 22




Question 22: Text Input

3 marks

Daar is ses basiese meganiese stelsels. 'n Byl en beitel is albei voorbeelde van 'n ... meganiese stelsel.

Tik slegs **een woord**.

This image refers to question: 23



Question 23: Multiple Choice

4 marks

Die korrekte etikette vir komponente A tot D op hierdie dakkap is:

- | | |
|----------|---|
| A | A - hoofstylkap, B - dakspar, C - hangstylkap, D - stut. |
| B | A - bindbalk, B - dakspar, C - hoofstylkap, D - stut. |
| C | A - dakspar, B - bindbalk, C - hoofstylkap, D - hoofbalk. |
| D | A - stut, B - bindbalk, C - hoofstylkap, D - hangstylkap. |

Question 24: Text Input

3 marks

Wanneer die grootte van 'n voorwerp in 'n tekening verander word, word die term op- of af- ... gebruik om die grootte van die werklike voorwerp in vergelyking met die tegniese tekening te beskryf.

Tik slegs **een woord**.

This image refers to question: 25



Question 25: True/False

2 marks

Die eenvoudige masjien in hierdie beeld is 'n reguittandrat.

TRUE

FALSE

Total: 100 Marks